| | |
|---|---|
| **6 TERUGKEER NA DIE OMGANGENDE LEWENSWYSE**<br>(a) Verwerking-van-bemoeienis<br>(b) Gedying-van-self-iemand-wees<br>(c) Belewing-van-vryheid<br>(d) Deelname-aan-nie-intensionele-beïnvloeding<br>(e) Verwerwing-van-selfkennis | Die kind moet nou geleentheid kry om dit wat met die werklikheid van 1-5 gebeur het, in *teenwoordigheid* van die onderwyser toe te eien. Daarvoor is (a)-(e) nodig:<br>Die kind dink na oor die betekenis van die ingryping en/of instemming.<br>Die kind kry geleentheid om onafhanklik van direkte bemoeienis weer homself te wees en te word.<br>Hy beleef vryheid omdat hy nou self moet nadink en handel maar beleef tog verbondenheid aan die teenwoordige onderwyser.<br>Alhoewel die onderwyser hom nie direk met die kind bemoei nie, gaan daar tog kontrolerende invloed van hom uit vanweë die feit dat hy teenwoordig is<br>Omdat hy nou op homself aangewys is, leer hy homself beter ken in die lig van dit wat van 1-5 gebeur het. |
| **7 DIE PERIODIEK-VERLATENDE LEWENSWYSE**<br>(a) Afskeidgroet<br>(b) Oefening-van-skeiding<br>(c ) Losmaking-van-binding<br>(d) Bevestiging-van-vryheid<br>(e) Verlange-na-self-iemand-wees<br>(f) Oorwinning-oor-steunbehoewendheid<br>(g) Skeppende pouse<br>(h) Hunkering-na-weeromgang<br>(i) Verwelkomende groet | Die kind moet nou geleentheid kry om dit wat met die werklikheid van 1-6 gebeur het, in *lyflike afwesigheid*, van die onderwyser toe te eien. Daarvoor is (a)-(i) nodig:<br>Die kind word op hartlike wyse gegroet sodat hy kan weet dat hy weer later met vrymoedigheid kan terugkeer na die onderwyser.<br>Hy word geleidelik daartoe bekwaam om selfstandig te kies en te handel.<br>Die opvoedingsband tussen hom en die onderwyser word algaande losser soos sy selfstandigheid toeneem.<br>Die feit dat hy toegelaat word om die onderwyser (en ook ander volwassenes) se teenwoordigheid te verlaat, is 'n erkenning daarvan dat hy besig is om sy vryheid te verwerf.<br>Hy hunker daarna om self in lyflike afwesigheid van volwassenes sy selfstandigheid te oefen en te beoefen.<br>In die mate waarin hy slaag om selfstandigheid te beoefen, behaal hy 'n oorwinning oor sy afhanklikheid van die steungewing van volwassenes.<br>Tydens die afwesigheid van 'n volwassene word betekenisvolle veranderinge voltrek, as veranderinge in sy opwegwees na behoorlike volwassenheid.<br>Die kind beleef en aanvaar na 'n tyd dat hy weer die steungewing van volwassenes nodig het en wil dan terugkeer na hulle teenwoordigheid.<br>Die vriendelike groet van die onderwyser wat die periodieke verlating ophef, gee 'n aanduiding van sy bereidwilligheid om weer eens die opvoedingsweg saam met die kind af te lê. |

| | |
|---|---|
| **III PEDAGOGIESE BEDRYWIGHEIDSTRUKTURE** | Die volgende is ‘n twaalftal opvoedende bedrywighede waarby die kind betrokke moet raak: |
| **1 BETEKENENDE LEWENSWYSE** | Die kind se wêreld is alles wat vir hom begrypbaar is, dus wat vir hom betekenis het. Oefening aan betekenisse en uitbreiding daarvan geskied as (a)-(f) slaag: |
| (a) Heg-van-betekenisse | Betekenisse word toegeken aan mense, dinge, gebeurtenisse ens. |
| (b) Toets-van-betekenisse | Die kind moet gehelp word om te toets of die betekenisse wat hy toeken, reg en behoorlik is. |
| (c) Belewing-van-betekenisse | Die persoonlike betekenis (betekenis-vir-my) van die waardevolle moet aangevoel en aanvaar word. |
| (d) Lewe-van-betekenisee | Die kind moet gehelp word sodat dit wat werklik betekenisvol (belangrik, waardevol) is, deel word van sy wyse van lewe. |
| (e) Betekenisvolle dade | Betekenisse (die waardevolle) moet in dade omskep word en in verband hiermee moet die kind sinvolle opdragte ontvang. |
| (f) Betekenis-verheffing | Die onderwyser help die kind om steeds op hoër vlak betekenisse toe te ken. Hy moet beteken (ww.) in ooreenstemming met die wordingstydperk waarin hy verkeer. |
| **2 INSPANNENDE LEWENSWYSE** | Die kind moet gehelp word om al sy kragte te gebruik en sy uiterste bes te doen in alles wat hy aanpak en dit verg dat (a)-(d) verwerklik moet word: |
| (a) Beweging-van-inspanning | Inspanningsloosheid moet verlaat word deur ‘n gewilligheid om oor te gaan tot die doen van betekenisvolle dade. |
| (b) Dinamiese deelname | Kragtige en bedrywighede deelneming aan betekenisvolle dade moet van die kind verwag word. |
| (c) Oorwinning-oor-passiwiteit | Om nie te wil handel en saam te doen nie, moet afgekeur word en met die kind se pogings om betrokke te raak, moet saamgestem word. |
| (d) Keuse-vir-inspanning | Deur in te gryp wanneer passiwiteit intree en in te stem wanneer die kind verkies om handelend betrokke te raak, word voorkeur vir inspanning bevorder. |
| **3 GENORMEERDE LEWENSWYSE** | Om in ooreenstemming met besondere behoorlikheidseise te wil lewe (kies en handel) vereis dat (a)-(d) gedoen word: |
| (a) Onvoorwaardelike normidentifikasie | Sonder om voorwaardes te stel, moet dit wat as hoogs waardevolle aanvaar word, toegeëin word. Die kind moet gehelp word om die gehuldige lewensopvatting te lewe. |
| (b) Stellingname-vir-lewensopvatting | Die kind moet gehelp word om in ‘n steeds toenemende mate die lewensopvatting te ken, te verdedig en toe te pas op sy wyse van lewe. |
| (c) Beoordeling-van-standpunt | |
| (d) Lewe-van-behoorlikheidseise | |

| | |
|---|---|
| (c) Beoordeling-van-standpunt | Die eie keuses en handelinge word krities bekyk in die lig van die lewensopvatting. Toenemende lewensopvattingkennis by die kind behoort te lei tot 'n steeds suiwerder beoordeling. |
| (d) Lewe-van-behoorlikheidseise | Dit wat as hoogs waardevol (beslis fatsoenlik, betaamlik en ordentlik) aanvaar word, moet blyk uit die wyse van lewe. |
| **4 WAGTENDE LEWENSWYSE** | Die kind moet gehelp word om 'n behoorlike wyse van lewe saam met ander aan te durf. Dit beteken dat hy moet onderneem om (a)-(c) te doen: |
| (a) Saam-betekening | Om saam met ander (veral volwassenes) te soek na dit wat werklik betekenisvol (waardevol) is. |
| (b) Saamlewe-van-behoorlikheidseise | Om gewillig te wees om in ooreenstemming met die behoorlike voorbeeld wat ander stel, te probeer lewe. |
| (c) Saamwaag-met-moed | Met dapperheid en selfs onverskrokkenheid moet saam met diegene wat die voorbeeld stel, gekies word vir die behoorlike en gehandel word in die lig van die behoorlike. |
| **5 DANKBARE LEWENSWYSE** | Om met dankbaarheid (erkentlikheid) te lewe, vereis (a)-(d): |
| (a) Belewing-van-geborgenheid | Die kind moet telkens wanneer hy dit nodig het, kans kry om eers weer veilig te voel voordat hy dit weer met die werklikheid waag. |
| (b) Dankbaarheid-vir-veiligheids-belewing | Teenoor diegene wat (a) moontlik maak, sal die kind erkentlik wees omdat hy dit wat hulle vir hom doen, waardeer. |
| (c) Geborgenheid-vanweë-aanvaarding | In werklikheid is dit die aanvaarding van die kind wat lei tot 'n belewing van veiligheid. *Aanvaardingessensies* moet verwerklik word. |
| (d) Liefdevolle teenwoordigheid | Handeling-in-liefde wat gekenmerk word deur met-mekaarwees en gelykgestemdheid word deur die kind waardeer. |
| **6 AANSPREEKLIKE LEWENSWYSE** | Die kind moet gehelp word om op 'n toenemende verantwoordelike wyse sy deel te doen aan (a)-(d): |
| (a) Beagting-as-medestander | Om eerbied te hê vir die onderwysers wat hom bystaan. Dan moet hy ook ervaar dat hulle bereid is om by hom te staan met eerbied vir sy menswees. |
| (b) Beagting as medeganger | Om eerbied te hê vir daardie onderwysers wat bereid is om dit saam met hom te waag op sy lewensweg en wat hom steeds op menswaardige wyse sal behandel. |
| (c) Belewing-van-samehorigheid | Om eerbied te hê vir daardie onderwysers wat altyd in die lig van die essensie *toebehorendheid* met hom sal handel. |
| (d) Verpligting-van-toeganklikheid | Om eerbied te hê vir onderwysers wat oopstaan vir hom en wat sy oopstelling vir hulle waardeer. |

| | |
|---|---|
| **7 HOPENDE LEWENSWYSE** | By die kind bestaan daar 'n verwagting dat die onderwysers hom sal help met (a)-(g) en hy het vertroue in diegende wat dit kan reg kry: |
| (a) Voorstelling-van-toekoms | Die kind verwag so duidelik as wat maar enigsins moontlik is, 'n beeld van die toekoms wat vir hom in aantog is. |
| (b) Interpretasie-van-verlede | Hy verwag 'n uitleg van die betekenis wat sy eie verlede het vir die toekomstige lewe waarop hy hoop. |
| (c) Rig-op-toekoms | Hy verwag hulp aan hom om in beweging te kom in die rigting van 'n toekoms wat die beste by hom sal pas. |
| | Hy verwag hulp aan hom met die verskillende besluite wat hy telkens i.v.m. sy toekoms moet neem. |
| (d) Hede-besluit-oor- | Hy verwag hulp aan hom in sy voorbereiding vir die toekoms. |
| **10 AGTENDE LEWENSWYSE** | Ten einde by die kind 'n toenemende agting vir die waardigheid van die mens in te skerp, sal hy genoegsaam geleentheid moet kry om (a)-(d), te belewe: |
| (a) Erkenning-van-indiwidualiteit | Mense is nie *gelyk* nie omdat elkeen op 'n anderse wyse en met verskil in verantwoordelikheid waardes verwerklik. Hierdie andersheid moet erken word. |
| (b) Agting-vanweë-waardeverwerkliking | Alle mense is *gelykwaardig* omdat almal waardes kan verwerklik. Slegs daardie mense verdien agting wat hoogs waardevolle waardes verwerklik. |
| (c) Waardering-van-waardegemoeidheid | Omdat die kind met waardes gemoeid is, mag hy nooit as 'n middel tot 'n doel gebruik word nie. |
| (d) Vervulling-van-plig | Om pligte vervul, dus om verpligtinge t.o.v. die hoogs waardevolle na te kom, is om menswaardig te lewe. |
| **11 SELFBEGRYPENDE LEWENSWYSE** | Volwassenheid word gekenmerk deur 'n hoë mate van selfbegrip. Selfbegryping word geoefen wanneer die kind geleentheid kry tot (a), (b), (c), (d) en (e), dus tot: |
| (a) Kritiese selfbeoordeling | 'n Skerp bekyking van die wyse van verwerkliking van die hoogs waardevolle |
| (b) Begryping-van-bevraagtheid | 'n Duidelike besef dat hy geroepe is om sy positiewe moontlikhede in diens te stel van die verwerkliking van die hoogs waardevolle |
| (c) Begryping-van-behoorlikheidseise | 'n Heldere kennis van die eise wat die verwerkliking van die hoogs waardevolle aan hóm stel. |
| (d) Begryping-van-verpligting | 'n Toereikende kennis van sy positiewe moontlikhede en die verpligtinge wat dit op hom lê. |
| (e) Verfyning-van-selfbegryping | 'n Verbetering van sy selfkennis, veral van die kennis hoe hy op sy beste moontlike wyse kan bydra tot verwerkliking van die hoogs waardevolle. |
| **12 VRYE LEWENSWYSE** | Vryheid om verantwoordelikheid op te neem, word gekenmerk deur (a)-(e): |
| (a) Verowering-van-vryheid | Sonder dwang van buite op grond van eie beslissinge en kraginspanning moet die hoogs waardevolle gelewe word. |
| (b) Vryheid-as-gebondenheid | Om gebind te wees aan die hoogs waardevolle maak slawerny deur mensonwaardige onmoontlik. |
| (c) Bewuswees-van-vryheid | 'n Besef dat dit moontlik is en ook noodsaaklik is om vry te wees en te word van alles wat mensonwaardig is. |
| (d) Bewuswees-van-verantwoordelikheid | 'n Besef dat om werklik mens te wees beteken om verantwoordelikheid op te neem, kan nie ontvlug word nie. |
| (e) Besluit-op-verantwoordelikheid | Persoonlike verantwoordelikheid word opgeneem vir die verwerkliking van die hoogs waardevolle. |

| | |
|---|---|
| **IV PEDAGOGIESE DOELSTRUKTURE** | Die opvoedingsdoel is behoorlike volwassenheid wat gekenmerk word deur 1 – 6: |
| **1 SINVOLHEID VAN LEWENSWYSE** | Iemand wat op ‘n selfstandige wyse ‘n sinvolle bestaan voer, gee in sy wyse van lewe van die hoogs waardevolle, blyke van (a)-(d): |
| (a) Bewuswees-van-lewenseise | ‘n Suiwer besef dat dit hoogs waardevol is dat die lewe behoorlikheidseise aan ‘n mens stel. |
| (b) Besef-van-bevraagdheid | ‘n Duidelike begrip van die feit dat ‘n mens in die eerste plek verpligtinge het en eers daarna voorrregte. |
| (c) Voer-van-verantwoordbare-lewe | ‘n Heldere wete dat uit ‘n mens se wyse van lewe moet blyk dat hy dit wat hoogs waardevol is, beoefen. |
| (d) Rekenskap-van-deelname | ‘n Skerp bewussyn van die feit dat ‘n mens rekenskap moet kan gee van syaandeel aan die verwerkliking van die hoogs waardevolle. |
| **2 SELFBEOORDELING EN SELFBEGRYPING VAN LEWENSWYSE** | Iemand wat op selfstandige wyse uitspraak kan gee oor die kwaliteit van sy wyse van lewe in die lig van die hoogs waardevolle, doen (a)-(d): |
| (a) Uitspreek-van-sedelike-oordeel | Hy huiwer nie om sy keuses vir en handelinge t.o.v. die hoogs waardevolle in terme van goed of sleg, reg of verkeerd met erns te bekyk nie. |
| (b) Beoordeling-van-afkeurenswaardigheid | Hy beoordeel die kies en die doen van die nie-waardevolle as die mensonwaardige, as verwerplik. |
| (c) Veroordeling-van-afkeurenswaardigheid | Hy staan afwysend teenoor enige vorm van aantasting van die hoogs waardevolle, deur homself en deur ander. |
| (d) Oorgaan-tot-selfingryping | Hy kritiseer homself ferm en opreg as hy nie op ‘n toereikende wyse die hoogs waardevolle bevorder nie. |
| **3 MENSWAARDIGE LEWENSWYSE** | Iemand wat op selfstandige wyse die hoogs waardevolle verwerklik, se lewenswyse word gekenmerk deur (a)-(d). |
| (a) Bewuswees-van-menswaardigheid | Hy besef dat die mens geen ding of dier is nie en daarom die hoogs waardevolle moet ken en leef. |
| (b) Beoefening-van-menslikheid | Hy lê hom daarop toe om alles wat *eie* is aan die mens (d.w.s. waardeverwerkliking) te bevorder. |
| (c) Wete-van-waardeverwerkliking | Hy weet dat om mens te wees beteken om met waardes gemoeid te wees en om waardes as norme (maatstawwe) aan te wend. |
| (d) Agting-vir-ander-se-menswaardigheid | Respek vir ander se gelykwaardigheid, d.w.s. wat net so met waardes gemoeid is as hy, word betoon. |

| | |
|---|---|
| **6 LEWENSOPVATLIK-VERANTWOORDE LEWENSWYSE** | Iemand wat op selfstandige wyse die hoogs waardevolle op geordende wyse huldig en wil lewe, werk voortdurend aan (a)-(d): |
| (a) Aanvaarding-van-besondersheid-van-lewensopvatting | Instemming daarmee dat die eie opvatting aangaande wat hoogs waardevol is geen –isme is nie, maar onwegdinkbare en onweghandelbare werklikheid. |
| (b) Bewuswees-van-lewnsopvatlike-eise | Kennis en aanvaarding daarvan dat die hoogs waardevolle wat in die lewensopvatting georden is, 'n besondere rangorde van behoorlikheidseise is. |
| (c) Kennis-van-lewensopvatting | Standhoudende lewensopvattingstudie word onderneem en die geroepenheid tot sodanige studie word aanvaar. |
| (d) Bestendiging-van-lewnsopvatting | Die lewensopvatting wat 'n mens vat (gryp) word as verwoording van die hoogs waardevolle gevat (aangegryp), uitgebou en verdedig teen –ismes en ander vorme van bedreiging. Om aangegryp te word deur die hoogs waardevolle is dan geen blote beskouing of aanskouing daarvan nie, maar om daardeur *gevat* te word. Die volwassene het geen lewensbe-skou-ing nie, maar 'n lewensop-vat-ting. |